JEUGLAND
EST. 1970
Jou sleutel tot sukses
Your key to success
Privaatsak, Birchleigh, 1621
Christoffelstraat, van Riebeeckpark, 1619
Tel: (011) 976 3038
E-pos: admin@jeugland.co.za
Webblad: www.jeugland.co.za

Covid-19 Maatreëls

GRAAD 12 Leerders / Ouers

1. Persoonlike/liggaamlike higiëne en sanitasie moet almal se top prioriteit wees voordat enige persoon skool toe kom en by aankoms tuis.
2. Leerders moet elke dag, die hele dag by die skool, 'n skoon masker dra. Maskers kan by die skool gekoop word wat die skool se logo op het.
3. Die skool se hek sal 7:00 in die oggend oopgesluit word. Alle leerders moet voor 7:55 deur die hek wees.
4. Leerders sal by die hek 'n infrarooi koorstoets ondergaan. Leerders met 'n koorsmeting hoër as 37.5 sal nie binne die skoolterrein toegelaat word nie.
5. Die eerste klok sal 7:55 lui. Leerders gaan dan direk na hul voogklasse toe. Daar sal geen aantreeblad wees nie.
6. Die skooldag sal tot 16:00 duur. Die leerders sal X2 pouses ontvang om genoeg tyd te voorsien om kleedkamers te besoek en genoeg te ontspan.
7. Die terrein moet totaal ontruim wees teen 17:00 om oppervlakontsmetting toe te laat.
8. Leerders se hande sal ontsmet word met aankoms by elke klas. Leerders moet egter hul eie handontsmettingsmiddel saambring vir die res van die tyd. Leerders moet eerder te veel as te min ontsmet.
9. Leerders wat siek voel moet eerder by die huis bly en glad nie skool toe kom nie.
10. Leerders wat by die skool siek word, se ouers sal gekontak word en moet binne 30 minute gehaal word. Geen siek leerders sal tot die einde van die dag by die skool gehou kan word nie.
11. Leerders moet te alle tye sosiale afstand tussen mekaar handhaaf. Fisiese kontak word onder geen omstadighede toegelaat nie.
12. Tasse, boeke en alle ander artikels wat saam skool toe gebring word, bly te alle tye by leerder. Geen uitleen of skeiding van besittings word toegelaat nie.
13. Daar mag nooit meer as 5 leerders binne die kleedkamers wees nie.
14. Ouers wat die skool wil kontak, kan dit doen by 011 976 3038. Ouers kan ook 'n e-pos na admin@jeugland.co.za stuur indien hulle met die skool wil kommunikeer.
15. Ons moedig glad nie afsprake by die skool aan nie en vra dat ouers nie skool toe kom nie.
16. Slegs ouers en besoekers wat afsprake gemaak het sal binne die terrein toegelaat word. GEEN instapbesoeke sal ontvang word nie. Skakel die skool 'n dag voor die tyd indien 'n afspraak versoek word om op die besoekerslys by die hek te verskyn.
17. Ouers wat die skool per afspraak besoek, moet te alle tye 'n skoon masker dra en sal 'n rybewys of ID dokument by die hek moet wys.
18. Ouers wat die skool per afspraak besoek, se koors sal gemeet word. Ouers met 'n koorsmeting hoër as 37.5 sal nie binne die skoolterrein toegelaat word nie.
19. Alle sosiale-en buitemuurse aktiwiteite van die skool is vir nou afgeskaf.
20. Die gemeeskap moet by die beperkinge van die fase waarin die land en provinsie hulle bevind bly. Die feit dat leerders skoolbywoon beteken nie dat hulle buite skoolverband sosiaal kan verkeer en aangaan soos normaal nie. Ons almal se gesondheid is op die spel. Gehoorsaam asseblief nasionale fases en die beperkinge wat daarmee saamgaan!!

Byvoorbaat dank
Dr D Morris (Hoof)